

Sondag 3 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 5:5-10

**Fokusgedeelte: Numeri 5:6-7
(1953-vertaling)**

'n Regverdige God en die netelige saak van *restitutie*

Waar ons in gister se teksgedeelte iets van God se heiligheid geleer het, leer ons vandag iets van God se regverdigheid.

God is 'n regverdige God, en daarom word dit baie duidelik verweef in die voorskrifte en bepalinge wat Hy vir sy volk gee. Hy leer dit ondubbelsinnig vir sy volk: *Ek is 'n regverdige God, en daarom moet julle ook regverdig optree. As jy iemand benadeel het, moet dit ten volle reggestel word. Daar moet restitutie plaasvind (vs 6-7).*

Hierdie beginsel geld natuurlik ook tussen ons en God. Ons het God benadeel deur ons sonde en rebellie teen Hom, en dit moet ten volle reggestel word! Die probleem is net dat niemand dit kan "bekostig" om self vir hulle sonde te betaal nie. Ons skuld is net eenvoudig te groot!

Maar dan hoor ons die wonderlike troos van Kolossense 2:14 waar ons lees wat God deur Christus vir ons gedoen het: *"Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."* Deur Jesus het daar volmaakte *restitutie* tussen ons en God plaasgevind.

Hoeveel te meer moet ons, wat nog 'n voller prentjie van God se regverdigheid het, nie dan die opdrag van ons teksgedeelte uitleef nie? Daar waar mense benadeel is en ons 'n aandeel daaraan het, moet dit reggestel word. Daar moet *restitutie* plaasvind. Of dit nou is om die ongelykhede van die verlede reg te stel (grondhervorming / ekonomiese bemagtiging?) en of dit dalk 'n persoonlike onreg is wat ek teenoor iemand gedoen het, die beginsel bly dieselfde – bely my sonde en maak dit reg.

Ons as Christene mag nie apaties teenoor *restitutie* wees nie. Nie omdat ons polities korrek wil wees nie, maar omdat ons 'n regverdige God dien!

Sing: Psalm 25-2:3, 4

Ds. JG Tredoux (Jacques) (Pretoria-Brooklyn)